HIER OP DIE KRUISING VAN DIE WEË
IS HOOG ONS SKOOLGEBOU GELEË
WAAR ONS DIE TOEKOMS BOU EN STERK
VIR ENKELING EN NASIE WERK

WAAR PAAIE KRUIS DAAR
MOET MENS KIES
DIE PAD VAN WINS OF VAN VERLIES,
VAN BOU OF BREEK,
VAN DOEN OF LAAT,
VAN GLO OF VREES,
VAN GOED OF KWAAD.

VAS LÊ DIE FONDAMENT EN TROU,
VAN DIE KARAKTER WAT ONS BOU,
DIE KENNISMURE OPGERIG,
DIE VRIENDELIKE VENSTERLIG,
DIE DAK VAN DIENSBAARHEID EN PLIG,
GEHEEL VAN HAND EN HART EN HOOF
ONS BOU IN GELOOF

HOËRSKOOL WATERKLOOF

# 2025

# KLOFIEKLETS

12 van 2025

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Mnr. C.H. Dewysschen
hoof@klofies.co.za
012 347 0277



'n Hartlike goeiedag uit die hartskamer van Klofieland!

Baie welkom terug na 'n welverdiende vakansie! Ek hoop dat elke leerder, personeellid en ouer die vakansie terdeë geniet het en dat almal uitgerus is. Die tweede kwartaal lê uitgestrek voor ons, maar met net 25 skooldae voor die eksamen begin, lê harde werk vir die Junie-eksamen voor. Kom ons sit skouer aan die wiel en laat rol met hierdie kwartaal!

Almal stem saam met "wat jy saai sal jy maai", maar wanneer dinge in ons lewe skeefloop, soek ons altyd eerste die fout by ander, óf die wêreld, óf die weer, óf selfs die Here. Ons kyk laaste, indien ooit, in die spieël. Tog is die realiteit dít. Wanneer ons in die vlees, en volgens die wêreld se reëls leef en saai, is dit die tipe vrug wat ons gaan kry. Maar wanneer ons in die Gees saai en volgens God se wil leef, saai ons goddelike saad en dan is die vrug duidelik: "Maar die vrug wat die Gees voortbring, is: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing..." Gal 5:22-23 NLV.

Watter vrugte wil jy dra en pluk? Jý kies! Indien jy kies om die goddelike vrugte te dra, ontvang jy nie net die belofte van die vreugde van jou verbondenheid aan Jesus nie, maar jy ontvang ook 'n vrypas na die Goddelike oor. En die gewaarborgde oopgaan van sy seënende hande. Die lewensap wat deur hulle bruis, laat ons op vele vlakke geseënd lewe. Die vrugte word nie ter wille van die loot self gedra nie; dit is ander wat dit pluk en eet en geniet. Omstanders, buitestaanders, selfs toevallige verbygangers. Vreemdelinge. Húlle pluk die vrugte van die loot se verbintenis aan die wingerdstok. En hieroor glimlag God breed. Dit is hoekom Kloof in God se Woord geanker sal bly. Om 'n verskil in die gemeenskap te maak en só die goddelike lig uit te straal.

Baie dankie aan die Bid-mammas en die Kloof-Geloofspan wat hierdie kwartaal op so 'n ongelooflike manier begin het. God se teenwoordigheid is voelbaar uitgeleef en sal gedurende die res van hierdie kwartaal uitgeleef word. Baie dankie aan die Bid-mammas wat die personeel op 'n fisiese manier kom voed het. Dit was 'n heerlike manier om die kwartaal mee af te skop.

Baie geluk en baie dankie aan al die aktiwiteite wat gedurende die afgelope vakansie plaasgevind het. Daar was so baie aktiwiteite waaraan ons Klofies deelgeneem het, en op elke gebied het die wit, blou en geel uitgestaan. (Vir volledige uitslae en verslae, sien verderaan in die Klets.)

'n Spesiale woord van dank en geluk aan me. René Straueli en haar netbalpersoneel met die aanbied van 'n uitstekende Netbalfees. Baie dankie aan elke personeellid wat sy / haar vakansie opgeoffer het om tydens die netbalfees te help, asook die ouers wat tyd en moeite ingesit het om te help.

Neem asseblief kennis van die **Oueraand** wat op **22 April**, van **18:00 tot 20:00**, plaasvind

Baie sterkte met al die aktiwiteite wat hierdie week plaasvind.

# KULTUURPERSONEEL 2025

| | |
|---|---|
| **Adjunkhoof:** | Me. Carina Taute (carina.taute@klofies.co.za) |
| **Kultuurdirekteur:** | Me. Anja Woolls (anja.woolls@klofies.co.za) |
| **Kultuursekretaresse:** | Me. Liesl Linde (liesl.linde@klofies.co.za) |
| | |
| **ORGANISEERDERS 2025:** | |
| **A Capella** | Me. Anja Woolls (anja.woolls@klofies.co.za) |
| **Boere-orkes en Rock-orkes** | Dr. Ronelle Bosman (ronelle.bosman@klofies.co.za) |
| **Dans** | Me. Michelle Naudé (michelle.naude@klofies.co.za) |
| **Debat** | Me. Marié Olivier (marie.olivier@klofies.co.za) |
| **Film en Toneel** | Me. Carla van Staden (carla.vanstaden@klofies.co.za) |
| **Fotografieklub** | Me. Marlette Krüger (marlette.kruger@klofies.co.za) |
| **Jazz Ensemble** | Mnr. Xander Koekemoer (xander.koekemoer@klofies.co.za) |
| **Klofiekan** | Me. Maryke Fourie (maryke.fourie@klofies.co.za) |
| **Koor** | Me. Carina Taute (carina.taute@klofies.co.za) |
| **Kunsklub** | Me. Suretha Coetzer (suretha.coetzer@klofies.co.za) |
| **Mnr en Mej Waterkloof** | Me. Jean-Mari Redelinghuys (jean-mari.redelinghuys@klofies.co.za) |
| **Musieksentrum** | Me. Zita Clayton (zita.clayton@klofies.co.za) |
| **Orkes** | Me. Jo Ferreira (jo.ferreira@klofies.co.za) |
| **Redenaars** | Me. Anja Woolls (anja.woolls@klofies.co.za) |
| **Skryfklub** | Me. Tanri de Witt (tanri.dewitt@klofies.co.za) |
| **Voortrekkers** | Mnr. Jordan Joubert (jordan.joubert@klofies.co.za) |

# KULTUURDATUMS 2025

| | |
|---|---|
| **7 Mei** | Opedag |
| **10 Mei** | Opening van Ouditorium |
| **16 tot 18 Mei** | Dansproduksie |
| **24 Julie** | Tres Scholarum |
| **1 Augustus** | Affies-Interkultuuraand (by Afrikaanse Hoër Seunskool) |
| **16 Augustus** | KloofKunstefees Gala-aand/Promenadekonsert |
| **22 Augustus** | Kloofkoorfees |
| **27 September** | Kloof in Afrikaans Gala-aand |
| **23 Oktober** | Orkes Gala-aand |

KLOOFKULTUUR

# PROSCENIUM DRAMAKOMPETISIE-FINAAL

Baie geluk en sterkte aan Claudia van Wyk, 'n graad 12-leerder, wat as een van die finaliste vir die Proscenium Dramakompetisie wat van 15 tot 17 Mei in die Kunstekaap-teater plaasvind, gekies is.

Sy is een van slegs 70 finaliste wat uit meer as 500 deelnemers landswyd gekies is — 'n besondere prestasie waarop sy trots kan wees.

Ons wens haar alle sterkte toe met die voorbereiding van haar konsertprogram.



# PRETORIA EISTEDDFOD

## PRETORIA EISTEDDFOD

| | | |
|---|---|---|
| *SESSIE EEN* | INSKRYWINGS OPEN: | 19 MAART |
| | INSKRYWINGS & BETALINGS SLUIT: | 28 MAART |
| *SESSIE TWEE* | INSKRYWINGS OPEN: | 9 JULIE |
| | INSKRYWINGS & BETALINGS SLUIT: | 27 JULIE |

**SESSIE EEN**
Kunswedstryddatums: **5 – 23 Mei**

**SESSIE TWEE**
Kunswedstryddatums: **8 Augustus – 13 September**

**Besoek die webtuiste vir die kunswedstryd inligtingstuk (Syllabi) en waarvoor jy kan inskryf by:**

https://www.pretoriaeisteddfod.co.za/

## Hoe kan ek deur die skool inskryf?

1. Besoek die webtuiste om te kyk vir watter kategorieë jy wil inskryf.
2. Stuur 'n Teams boodskap aan Me. Liesl Linde (sekretaresse vir Kultuurburo) met die volgende inligting:
    1. Naam en van
    2. Graad/ ouderdomsgroep
    3. Kategorie
    4. Item
    5. Hoeveelheid items
3. Betaling van inskrywings word met 'n KAART by die **finansieskantoor** gedoen.
4. Stuur 'n foto van jou kwitansie via Teams aan Me. Liesl Linde om inskrywing te verseker.
5. Sodra program van kunswedstryd bekend gemaak is, sal dit via WHATSAPP-groep aan jou gestuur word.
6. Volg die volgende skakel om by die WHATSAPP-groep aan te sluit: https://chat.whatsapp.com/CFsblfL6ilUHzsNyNVNLe7
7. **Navrae kan aan die Kultuurburo of musieksentrum gerig word.**

# OPENING VAN OUDITORIUM



# ATLETIEK: SUID-AFRIKAANSE KAMPIOENSKAPPE

Die afgelope vakansie het van die atlete van Hoërskool Waterkloof aan die SA Nasionale Kampioenskappe asook die SA Skolekampioenskappe deelgeneem.

Besondere prestasies was:

**SUID-AFRIKAANSE NASIONALE JUNIORKAMPIOENSKAPPE – Kaapstad – 27 tot 29 Maart 2025**

**GOUD (eerste)**

| | |
|---|---|
| Lara van der Merwe | 3 000 m |
| Hanno de Klerk | Driesprong |
| Aiden Smit | Spiesgooi |
| Mia van Wyk | 4 x 100 m aflos |
| Chrystabel Davis | 4 x 100 m aflos |
| Jean van den Bergh | 10 kamp |

**SILWER (tweede)**

| | |
|---|---|
| Heike de Klerk | Driesprong |

**BRONS (derde)**

| | |
|---|---|
| Lara van der Merwe | 1 500 m |
| Elandri Coetzee | 1 500 m en 3 000 m |

**SUID-AFRIKAANSE SKOLEKAMPIOENSKAPPE – Bloemfontein – 3 tot 5 April 2025**

**GOUD**

| | |
|---|---|
| Hanno de Klerk | Verspring |
| Aiden Smit | Spiesgooi |

**SILWER**

| | |
|---|---|
| Heike de Klerk | Driesprong |
| Fortune Cletus-Onkolo | Gewigstoot |

Die Kloofatlete het besonder goed presteer. Daar was nog ‘n aantal vierde tot agtste plekke van atlete wat die finale wedlope gehaal het.

# HOKKIE: VAKANSIETOERNOOIE

- **Dogters Eerstespan by St Mary's Waverley**
  Hulle het 12 wedstryde gespeel: nege gewen, twee verloor en een gelykop gespeel.
  Hulle eindig negende.

- **Helpmekaar o. 16 Goueliga-Toernooi**
  Die o. 16-span het die toernooi gewen!
  Die o. 15B span het derde geëindig.
  Die o .16B-span het tweede geëindig.

- **Seuns o. 14B - *Ken Florence Festival***
  Speel vyf wedstryde; twee gewen, een gelykop en twee verloor.

# HOKKIE: VRIENDSKAPLIK VS HOËRSKOOL MONUMENT

**DOGTERS**

| SPAN | AFRIGTER | KLOOF | MONUMENT | WEN/VERLOOR |
|---|---|---|---|---|
| **Eerstespan** | Omari Pienaar Geyer<br>Jonathan Lottering (kondisioneerder) | 3 | 1 | Wen |
| **Tweedespan** | Carika van Dyk | 6 | 0 | Wen |
| **o. 16A** | Anita Schmidt | 5 | 0 | Wen |
| **o. 16B** | Tahlita Kotze | 6 | 0 | Wen |
| **o. 15A** | Ayla Kruger<br>Zelna du Plooy | 2 | 0 | Wen |
| **o. 15B** | Liza Meyer | 6 | 1 | Wen |
| **o. 14A** | Nathan Meyer<br>Suretha Coetzer (kondisioneerder) | 8 | 0 | Wen |
| **o. 14B** | Chantal Page | 10 | 0 | Wen |

**SEUNS**

| SPAN | AFRIGTERS | KLOOF | MONUMENT | WEN/VERLOOR |
|---|---|---|---|---|
| **S1** | Mark Lamprecht | 1 | 1 | Gelykop |
| **S2** | Hanco Kruger | 4 | 4 | Gelykop |
| **S14A** | Polite Setloboko | 6 | 0 | Wen |
| **S16A** | Dean Lamprecht | 10 | 0 | Wen |

# NETBAL: KLOOFFEES

Die netbalfees, wat vanaf 28 Maart tot 1 April by die skool aangebied is, was weereens 'n groot sukses.

Die o.16A- en o.19A-span het aan 'n toernooi by La Rochelle deelgeneem. Die o.19A-span het, ten spyte van die hitte en beserings, sewende geëindig. Die o.16A-span het 5 van hulle 7 wedstryde gewen!

Hier is 'n opsomming van die uitslae van die Klooffees:

**KLOOFFEES 2025**
**28 Maart tot 1 April 2025**
**UITSLAE**

| SPAN | KLOOF | OPPONENT | TELLING | W/V |
|---|---|---|---|---|
| **o. 14** | | | | |
| o.14I | 24 | Centurion o.14 | 3 | W |
| o.14I | 19 | Eunice o.14 | 3 | W |
| o.14I | 14 | Sentraal o.14 | 12 | W |
| o.14I | 23 | Potch Volkies o.14 | 12 | W |
| o.14I | 23 | Witteberg o.14 | 9 | W |
| o.14I | 13 | Wesvalia o.14 | 10 | W |
| o.14I | 6 | La Rochelle o.14 | 17 | V |
| o.14I | 33 | Edugate o.14 | 3 | W |
| o.14I | 24 | Framesby o.14 | 14 | W |
| o.14I | 17 | Helpmekaar o.14 | 9 | W |
| o.14II | 19 | Jeugland o.14 | 7 | W |
| o.14II | 26 | Witteberg o.14 | 10 | W |
| o.14II | 13 | Potch Volkies o.14 | 13 | G |
| o.14II | 25 | Harties o.14 | 17 | W |
| o.14II | 12 | Voortrekker o.14 | 6 | W |
| o.14II | 3 | Oosterlig o.14 | 11 | V |
| o.14II | 26 | Fatima o.14 | 11 | W |
| o.14II | 20 | Wesvalia o.14 | 17 | W |
| o.14II | 26 | Ellisras o.14 | 8 | W |
| **o. 15** | | | | |
| o.15I | 33 | Wesvalia o.15 | 16 | W |
| o.15I | 40 | Windhoek Pvt o.15 | 5 | W |
| o.15I | 19 | La Rochelle o.15 | 22 | V |
| o.15I | 21 | Potch Volkies o.15 | 12 | W |
| o.15I | 6 | Voortrekker o.15 | 5 | W |
| o.15I | 13 | Sentraal o.15 | 14 | V |
| o.15I | 21 | Witteberg o.15 | 17 | W |
| o.15I | 30 | Jeugland o.15 | 11 | W |
| o.15I | 17 | Framesby o.15 | 16 | W |
| o.15I | 35 | Ellisras o.15 | 4 | W |
| o.15I | 36 | Eunice o.15 | 8 | W |
| o.15II | 20 | Tsumeb o.15 | 15 | W |
| o.15II | 32 | Oosterlig o.15 | 7 | W |
| o.15II | 27 | Eunice o.15 | 8 | W |
| o.15II | 24 | Windhoek Pvt o.15 | 8 | W |
| o.15II | 12 | Bergsig o.15 | 11 | W |
| o.15II | 20 | WHS o.15 | 11 | W |
| o.15II | 30 | Jeugland o.15 | 20 | W |
| o.15II | 27 | Roots o.15 | 17 | W |
| o.15II | 27 | Ellisras o.15 | 5 | W |
| o.15II | 17 | La Rochelle o.15 | 16 | W |
| o.15II | 15 | Reddam o.15 | 12 | W |

| SPAN | KLOOF | OPPONENT | TELLING | W/V |
|---|---|---|---|---|
| **o. 17** | | | | |
| o.17I | 32 | Transvalia o.17 | 6 | W |
| o.17I | 17 | Framesby o.17 | 17 | G |
| o.17I | 37 | Oosterlig o.17 | 3 | W |
| o.17I | 16 | Klerksdorp o.17 | 16 | G |
| o.17I | 22 | La Rochelle o.17 | 14 | W |
| o.17I | 25 | Potch Volkies o.17 | 7 | W |
| o.17I | 34 | Wesvalia o.17 | 6 | W |
| o.17I | 14 | Reddam o.17 | 28 | V |
| o.17I | 31 | Jeugland o.17 | 11 | W |
| o.17I | 18 | La Rochelle o.17 | 8 | W |
| o.17I | 20 | Voortrekker o.17 | 15 | W |
| o.17II | 4 | Klerksdorp o.17 | 32 | V |
| o.17II | 4 | WHS o.17 | 27 | V |
| o.17II | 4 | Reddam o.17 | 28 | V |
| o.17II | 7 | Jeugland o.17 | 10 | V |
| o.17II | 12 | St Anne's o.17 | 21 | V |
| o.17II | 17 | Oosterlig o.17 | 7 | W |
| o.17II | 6 | Centurion o.17 | 11 | V |
| o.17II | 12 | Tsumeb o.17 | 15 | V |
| o.17II | 14 | Voortrekker o.17 | 24 | V |
| o.17II | 18 | Futurum o.17 | 9 | W |
| o.17II | 20 | Framesby o.17 | 20 | G |
| **o. 19** | | | | |
| o.19I | 16 | Jeugland o.19 | 11 | W |
| o.19I | 18 | Potch Volkies o.19 | 11 | W |
| o.19I | 21 | Eunice o.19 | 17 | W |
| o.19I | 23 | Brandwag o.19 | 12 | W |
| o.19I | 22 | Framesby o.19 | 20 | W |
| o.19I | 20 | Klerksdorp o.19 | 15 | W |
| o.19I | 12 | Sentraal o.19 | 14 | V |
| o.19I | 16 | Windhoek Pvt o.19 | 6 | W |
| o.19I | 15 | La Rochelle o.19 | 25 | V |
| o.19II | 9 | Framesby o.19 | 36 | V |
| o.19II | 9 | Ellisras o.19 | 13 | V |
| o.19II | 18 | St Anne's o.19 | 27 | V |
| o.19II | 17 | Centurion o.19 | 14 | W |
| o.19II | 15 | Ashton o.19 | 16 | V |
| o.19II | 18 | Witteberg o.19 | 19 | V |
| o.19II | 22 | Ferrum o.19 | 19 | W |
| o.19II | 15 | Alberton o.19 | 26 | V |
| o.19II | 19 | Wagpos o.19 | 16 | W |

| SPAN | KLOOF | OPPONENT | TELLING | W/V |
|---|---|---|---|---|
| **o. 16** | | | | |
| o.16I | 23 | Centurion o.16 | 8 | W |
| o.16I | 27 | Prestige o.16 | 23 | W |
| o.16I | 16 | Sentraal o.16 | 13 | W |
| o.16I | 18 | Eunice o.16 | 4 | W |
| o.16I | 13 | Bergsig o.16 | 7 | W |
| o.16I | 15 | Potch Volkies o.16 | 21 | V |
| o.16I | 24 | Jeugland o.16 | 14 | W |
| o.16I | 19 | La Rochelle o.16 | 22 | V |
| o.16I | 21 | Redhill o.16 | 8 | W |
| o.16II | 10 | Voortrekker o.16 | 12 | V |
| o.16II | 20 | Gerrit Maritz o.16 | 9 | W |
| o.16II | 16 | Wagpos o.16 | 8 | W |
| o.16II | 13 | Ellisras o.16 | 7 | W |
| o.16II | 16 | Prestige o.16 | 25 | V |
| o.16II | 5 | Wesvalia o.16 | 16 | V |
| o.16II | 16 | Centurion o.16 | 9 | W |
| o.16II | 6 | Jeugland o.16 | 13 | V |
| o.16II | 17 | Fatima o.16 | 13 | W |

# RUGBY: VAKANSIETOERNOOIE

- **Noord-Suidtoernooi**
  Die eerste- en tweedespan het ongelukkig hulle wedstryde verloor (teen Paarl Boys High en Boland Landbouskool.)
- Die o. 16A-span het aan die **Jean de Villiers-toernooi** by Paarl Gimnasium deelgeneem en hulle wedstryde verloor (teen Hilton College, Durbanville en Grey College.)
- Die o.15A-span het aan die **Frans Malberbe-toernooi** in die Paarl deelgeneem. Hulle het teen HTS Drosdy en Hoërskool Strand gewen, maar teen Paarl Boys High School verloor.
- Die o.14A-span het in George aan die **Kwagga-week** deelgeneem. Hulle het teen Durbanville gewen, gelykop gespeel teen Hoërskool Framesby en teen Hoërskool Outeniqua verloor.

# GHOLF

Roelof Craig het die **Nomads o. 19 Suid-Afrikaanse Kampioenskap**, wat by Mosselbaai Gholfklub gespeel is, gewen. Hiermee is hy die top o. 19 Gholfspeler in Suid-Afrika. Op die gholfranglys is hy ook in posisie 1.

Baie geluk, Roelof!

Cilliers Craig het agste by die **Nomads o. 19 Suid-Afrikaanse Kampioenskap** geëindig.

# ROLBAL

Baie geluk aan Wian van Niekerk wat saam met die BGN o.18-A span die silwer medalje by die **Nasionale Junior Kampioenskappe**, wat in Bloemfontein plaasgevind het, gewen het.

# TENNIS

**Die Vrystaat Super 8-toernooi** het vanaf 28 Maart tot 1 April plaasgevind.
Tien Kloof-spelers het deelgeneem.

- **Mansenkels:** 128 spelers:
  Niel Erasmus 17e
  Hendrik du Preez 34e

- **o. 16:** 128 spelers:
  Eben van der Niet 21e
  Luan Slabber 28e
  Ludwig Pohl 37e
  Isabelle van Wyk 17e

- **o. 14:** 64 spelers
  Yasmin Lombard 33e

Die top 20 spelers in die land in elke ouderdomsgroep is na die ***American Express Junior Nationals* Toernooi** van 2 April tot 7 April genooi.

Slegs vyf Klofies is genooi:

- **o. 18:** 64 spelers
  Ciaran McConnel 9e

- **o. 16:** 64 spelers
  Eben van der Niet 33e

# BERGFIETSRY

**XCM Kampioenskappe Bergfiets**

- Gretha Veldsman eindig tweede in die 25 km Sub-Juniorafdeling.
- Roxy de Lange eindig vyfde in die 25 km Sub-Juniorafdeling.
- Hanco Kleynhans eindig vyfde in die 50 km Junior Mansafdeling.

**Criterium Industrial Park Padfiets**

- Roxy de Lange eindig eerste in die o. 15 afdeling.

**Groot Trap Padfiets**

- Roxy de Lange eindig eerste en Gretha Veldsman eindig derde in die 60 km o. 15 dogtersafdeling.
- Helen Olwage eindig eerste in die 100 km o. 19 vroue-afdeling.
- Ruben Kruger eindig vierde in die 100 km o. 17 mansafdeling.
- Hendre van Zyl eindig vyfde in die 91 km o. 17 mansafdeling.

**Karkloof Gravel resies**

- James Booysen eindig tweede in die 28 km Sub-Juniorafdeling.

# BOOGSKIET

Hendré Verhoef is by die **SANAA 720 Nasionale Kampioenskap** as die nommer 1-skut in Suid-Afrika aangewys.

Ander prestasies:

| | | |
|---|---|---|
| SA gemengde span | - | tweede |
| SA Senior Span | - | eerste |

Hendré is ook gekies om na die Wêreldspele toe te gaan. Slegs die twee topskuts in die land is gekies om Suid-Afrika te verteenwoordig. Hendré is 16 jaar oud en het dus twee ouderdomme bo sy klas geskiet.

Baie geluk, Hendré!

# SWEM

Die volgende Kloof-swemmers het die naweek van 27 tot 30 Maart aan die *Regionals Level* 2 deelgeneem en baie goed presteer!

**Michael van Eeden | Graad 8**

50 m Vryslag | 2de plek
50 m Vlinderslag
100 m Vryslag
100 m Vlinderslag

**Conrad van Rooyen | Graad 9**

5 0 m Vlinderslag | 3de plek
100 m Borsslag | 3de plek
100 m Vlinderslag | 2de plek
200 m Vryslag | 1ste plek

**Nadia van Schalkwyk | Graad 9**

50 m Vryslag
100 m Vryslag
100 m Rugslag
100 m Borsslag
200 m Borsslag
200 m IM | 2de plek
4 x 50 m *Medley* (W) | 2de plek
4 x 50 m Vryslag (W) | 3de plek



Conrad van Rooyen



Nadia van Schalkwyk

# SWEM

Emma Oosthuizen (graad 9) en Charles Janse van Rensburg (graad 10) het die afgelope naweek, 5 tot 7 April, Gauteng by die *SA School Swimming Championships* verteenwoordig. Gauteng het as wenners van die geleentheid weggestap.

**Emma Oosthuizen | Graad 9:**

| | |
|---|---|
| 50 m | Vryslag, 3de plek |
| 50 m | Rugslag |
| 50 m | Vlinderslag, 1ste plek |
| 100 m | Vryslag |
| 100 m | Rugslag |
| 100 m | Vlinderslag, 1ste plek |
| 4 x 50 m | Medley, 1ste plek |
| 4 x 50 m | Vryslag, 2de plek |
| 4 x 100 m | Medley |
| 4 x 100 m | Vryslag, 1ste plek |





Emma Oosthuizen

**Charles Janse van Rensburg | Graad 10:**

| | |
|---|---|
| 100 m | Borsslag, 4de plek |
| 50 m | Borsslag, 5de plek |
| 100 m | Vryslag, 9de plek |





Charles Janse van Rensburg

# ALGEMEEN

## FINANSIES: BORGE EN DONASIES

Hoërskool Waterkloof beskik oor **Artikel 18 A-status**. Dit beteken enige gewaardeerde borg/donasie wat aan die skool geskenk word, is belastingaftrekbaar vir u besigheid.
Sodra die skool die borg/donasie ontvang, reik ons die sertifikaat uit.

## WATERKLOOFALUMNI: E-POSADRES

**AANDAG ALLE OUD-KLOFIES!!** Enige nuus en/of prestasies van oud-Klofies kan na die volgende e-posadres gestuur word: alumni@klofies.co.za .

## *POPI*-BELEID

**NEEM KENNIS!!**
Höerskool Waterkloof verbind hom tot die beskerming van persoonlike inligting en is in die proses om al die nodige kontroles te hersien om te verseker dat ons *POPIA compliant* is. Die skool is merendeels samewerkend weens die aard van ons hantering van data van minderjariges.
Ons bevestig dat u reeds die skool toestemming gegee het om u kind se foto's op die skool se sosiale media platforms te plaas en met erkende mediahuise vir publikasie te deel. Sou u in die toekoms van mening verander, moet u asseblief vir mnr. Juan Nagel by juan.nagel@klofies.co.za van u versoek in kennis stel sodat dit dienooreenkomstig bestuur kan word.

## KLOFIE KLEREWINKEL

Me. Christine Slabbert van die Klofie-klerewinkel sê dat die winkel bedags van 06:30 tot 14:30 oop is. Sy versoek dat ouers asseblief 'n afspraak MOET maak om die klerewinkel te besoek. U kan haar by 082 487 5756 of tydens kantoorure by (012) 347 1076 kontak.

# ONDERSTEUNINGSDIENSTE



# MANNE: BIDOGGENDE




https://chat.whatsapp.com/DEgkqi2ZRQeDaHFc4ah6Qx

**Kom wees deel van manne van formaat, biddende pa's, manne en pa's wat opstaan en hulle plek as godsmanne in sy huis en die samelewing terugvat.**

**Sluit aan by die *WhatsApp*-groep vir verdere reëlings en padkos.**